Swaziland/Mosambiek Toerprogram

18 – 25 Julie 2019

Dag 1: Vlieg na Johannesburg (O.R. Tambo). Oornag Badplaas.

Dag 2: Vertrek om Swaziland binne te gaan by Oshoek. Besoek `n glasfabriek en maak ook `n draai deur die hoofstad, Mbabane. Vanmiddag besoek ons `n kersfabriek voor ons aanmeld by ons verblyf in Swaziland.

Dag 3: Na ontbyt vertrek ons om Hlane Wildsreservaat te verken voor ons die grens oorgaan na Mosambiek. Oornag by Catembe net buite Maputo vir twee nagte.

Dag 4: Ons ry oor die grootste hangbrug in Afrika na Maputo. Hier ontmoet ons `n plaaslike gids om ons op `n begeleide toer deur Maputo te vergesel.

Dag 5: Vertrek na die suide van Mosambiek om die grenspos na Suid-Afrika deur te gaan. Oornag Kosibaai vir twee nagte. Laatmiddag bootrit op die Kosibaai-meer met `n skemerkelkie in die hand.

Dag 6: Ons geniet `n luilekker-dag by ons lodge. Onderneem `n bootrit na Kosibaai-mond.

Dag 7: Vandag begin ons terugreis na Johannesburg, maar oornag eers op Piet Retief.

Dag 8: Vertrek na Johannesburg vir terugvlug.

Etes: Ingesluit ontbyt en aandete by ons oornagpunte, tensy anders genoem.
Vervoer: Retoervliegkaartjie ingesluit en landvervoer per luukse bussie – maks 16 mense.
Wildsritte word deur Cronnie Beukes onderneem. Wildsritte deur parkeraad is opsioneel.

Prys:
Vanaf Kaapstad R14 900
Vanaf George R14 400
Vanaf Port Elizabeth R14 700